# KENNISGEWING AAN DEELNEMERS EN TOERVOORWAARDES

"Menorah Tours CC", hul verwante maatskappye en agente, en die partye of organisasies wat namens of in oorleg met hul agent, en alle groepleiers (hierna "Die Organiserende Agente" genoem) gee kennis dat:

**1. DIE ORGANISERENDE AGENT:** 1.a. Met die uitreiking of die verkryging van enige kaartjie of koepon en die tref van enige reëling vir vervoer of vir verblyf, **die Organiserende Agente slegs as agente optree en nie enigerwys aanspreeklik is as prinsipale nie.**

1.b. Die Organiserende Agente sal by magte wees om enige reëlings te tref vir die daarstelling van die uitreiking van enige kaartjie of koepon vir vervoer, akkommodasie en land-reëlings.

1.c. **Die Organiserende Agente nie in enige omstandighede aanspreeklik is nie** hetsy in kontrak of versuim vir enige skade, besering (insluitende dood), verlies, vertraging of ongerief van enige aard hoegenaamd wat enige passasier aangedoen word, terwyl op enige toer of reis, terwyl 'n tydelike inwoner in enige vreemde land as gevolg van enige reëling wat deur die Organiserende Agente getref word of van enige beweerde versuim deur die Organiserende Agente om bevredigende of enige reëling te tref, en hetsy veroorsaak deur die optrede of versuim van enige van die dienaars, agente of onder-kontrakteursvan die Organiserende Agente.

**2. AANSPREEKLIKHEID:** Elke passasier stem in dat hy/sy, sy/haar erfgename, eksekuteurs, administrateurs en/of regverkrygendes die Organiserende Agente, hul dienaars en agente skadeloos stel van en teen alle eise vir skadevergoeding voortspruitende uit enige oorsaak hoegenaamd teen enige persoon wat 'n eis mag instel teen die Organiserende Agente of enige van hulle, hetsy vir verlies of skade aan eiendom in die bewaring van die passasier, hetsy sodanige eis gebaseer is of beweer word gebaseer te wees of die versuim van die Organiserende Agente, hul dienaars of agente, of onder-kontrakteur van die Organiserende Agente al dan nie.

**3. GEREGTELIKE JURISDIKSIE:** Alle reëlings is onderworpe aan die wet van die land waar die vervoer- of hotel of ander diens voorsien moet word.

**4. PRYSVERHOGINGS**: Alle pryse is vanaf vertrekpunt, aangedui in die toerprogram en gebaseer op pryse en wisselkoerse heersende ten tye van opstelling van die dokumente waarin die notering gedoen word, en is onderworpe aan verandering sonder kennisgewing. Alle genoteerde pryse is per persoon (op 'n deelkamer-basis).

**5. EIS OP TERUGBETALING:** Koeriers of verteenwoordigers het geen magtiging of verlof om enige gelde wat betaal is, terug te betaal of enige regte te gee om 'n terugbetaling van die Organiserende Agente te eis nie.

**6. VERLORE KAARTJIES/KOEPONS:** Die Organiserende Agente kan hulself nie verantwoordelik hou vir die verkryging van terugbetaling of verlore of ongebruikte kaartjies, koepons of bewyse nie - hoewel alle pogings aangewend sal word om vereffening te eis namens passasiers.

**7. VERANDERINGE AAN TOERPROGRAM:** Aandag word gevestig op die talle veranderings en amptelike roosters, en passasiers word versoek om self alle vertrektye op alle programme of reisplan te bevestig.

**8. LUGREDERY:** Die betrokke redery kan nie verantwoordelik gehou word vir enige daad, versuim, of gebeure gedurende die tyd dat passasiers nie aan boord van hul vliegtuig is nie. Die passasierskaartjies wat deur die lugredery gebruik word, vorm (wanneer uitgereik) die enigste kontrak tussen die lugredery en die koper van hierdie kaartjie en/of passasier.

**9. PERSOONLIKE ITEMS OP PERSOONLIKE RISIKO:** Passasiers word daaraan herinner dat bagasie of persoonlike eiendom wat op die toer geneem word, op eienaarsrisiko is en passasiers word aangeraai om dit self te verseker. Deposito- en kansellasieversekering, persoonlike ongevalle en siekte versekering word **NIE** outomaties ingesluit nie.

**10. KANSELLASIE VAN TOER:** Die Organiserende Agente behou hulle die reg voor om die toer te kanselleer of te laat vaar, in sodanige geval sal enige gelde wat betaal is, terugbetaal word, minus enige uitgawes, uitbetalings of enige ander verpligting wat namens die passasiers aangegaan is, en in sodanige geval word geen verdere of ander aanspreeklikheid hoegenaamd deur die Organiserende Agente aanvaar nie. Die reg word verder voorbehou om die toer te wysig op enige wyse wat hulle as wenslik beskou. In sodanige geval sal daar nie met die geprojekteerde toer voortgegaan word tensy 'n minimum aantal passasiers (na goeddunke van die Organiserende Agente) deelneem nie.

**11. KAMERTOEWYSING:** Toere word beplan op die basis van tweebedkamers en waar, om redes buite hul beheer, die Organiserende Agente enige deelnemer nié op hierdie basis kan huisves nie, sal die passasier verplig wees om die bykomstige heffing vir 'n enkelkamer te betaal, tensy hy/sy met twee ander passasiers van dieselfde geslag kan reël om 'n tweebedkamer met hulle te deel. Ingeval 'n driebedkamer gebruik word, sal die tarief vir dubbelkamer van toepassing wees.

**12. REG VAN TOEGANG / WEIERING:** Die Organiserende Agente behou hulle die reg voor om enige passasier na goeie oordeel onmiddellik, in belang van die toergroep, van 'n toer te kanselleer. Indien so 'n stap nodig mag wees, sal die Organiserende Agente alle gelde reeds deur die passasier betaal onmiddellik ten volle terugbetaal sonder enige verdere benadeling van beide partye, sonder om afstand te doen van enige regte van die Organiserende Agente.

**ALLE AANSOEKE MOET OP DIE AMPTELIKE REGISTRASIEVORM GESKIED, VERGESEL VAN DIE BETROKKE DEPOSITO**

**LET WEL: PASSASIERS, WAT VAN DIE BEPLANDE TOER AFWYK, OF DIE TOER OM ENIGE REDE HOEGENAAMD VERLAAT, SAL VIR SODANIGE AFWYKING MOET BETAAL, EN SAL GEEN TERUGBETALING ONTVANG VIR ONGEBRUIKTE DELE VAN DIE OORSPRONKLIKE TOER NIE. DIE ORGANISERENDE AGENTE BEHOU DIE REG VOOR OM DIE VOLGORDE VAN BESIGTIGINGSTOERE IN ISRAEL TE VERANDER VOLGENS BESKIKBAARHEID VAN HOTELAKKOMMODASIE.**

**ONS TOER SLUIT DIE VOLGENDE IN**:

- **LUGVERVOER**: Ekonomiese klas met IATA lugrederye vanaf Johannesburg en terug.
- **VERBLYF**: Akkommodasie in toeristeklas-hotelle in tweebedkamers met privaat geriewe. (Sien nr.11 hierbo)
- **ETES**: Soos aangedui op program.
- **BESIGTIGING**: Per toerbus soos per program met die dienste van Engelssprekende gidse.
- **ALGEMEEN**: Oorplasing tussen lughawens en hotelle met aankoms en vertrek, dienslading, kruiersloon en toegangsgelde by plekke wat besoek word, vervoer van passasiers plus een tas van middelmatige grootte per persoon tussen lughawens en hotelle.

**NIE INGESLUIT NIE:**
# **Paspoort en visumkostes vir nie-SA Paspoort houers,** dienste van lyfbediendes en kamermeisies en dienste wat nie uitdruklik hierbo genoem word **nie.**
# **Vervoer na en van Johannesburg** vir persone wat die toer meemaak en buite Johannesburg woon.

**BETALING VAN DEPOSITO: R3,000.00 per persoon.** Deposito is betaalbaar by registrasie en die balans **75 dae** voor vertrek.

## Alleenlik Elektroniese Oorplasings (EFT) word aanvaar.

**KANSELLASIES DEUR DEELNEMER** - 'n Kansellasiefooi van R3. 000.00 per persoon sal gehef word indien 'n bespreking gekanselleer word deur die reisiger / deelnemer. Die Maatskappy behou ook die reg voor om die volle of 'n gedeelte van die TOERPRYS te behou wat betaal is deur 'n persoon wat die bespreking minder as 60 dae voor vertrek kanselleer. (Uitsluitende die Deposito van R3000, wat NIE terugbetaalbaar is nie). SKRIFTELIKE KENNIS IN DIE VERBAND MOET GEGEE WORD, EN DEPOSITO IS NIE OORDRAAGBAAR NIE.

**KANSELLASIES AS GEVOLG VAN VEILIGHEID:** Die maatskappy hou die reg voor om die toer te kanselleer in belang van die veiligheid van die passasiers, in welke geval die volle bedrag wat reeds betaal is terugbetaal sal word sonder enige verdere verpligting aan die kant van die Maatskappy.
**LET WEL: Alle toere word alleenlik onderneem indien 'n minimum van 20 vol-betalende passasiers deelneem.**

# TOER REGISTRASIEVORM

Jesus die lig van die wêreld

**Vul inskrywingsvorm in en stuur terug, tesame met deposito, aan Menorah Tours**
**Faks 086-559-0991**
**epos: info@menorahtours.co.za**

**BELANGRIKE NOTA: Moenie wag vir jou paspoort om te arriveer voordat jy die registrasievorm instuur nie.**
**Stuur jou ingevulde registrasievorm, met jou deposito van R3.000.00 spoedig in om jou plek te bespreek. Jy kan 'n kopie van jou paspoort deur-faks wanneer dit arriveer**

**Vertrekdatum: 5 November 2020** | **Toerbeskrywing: Israel** | **Toerleier: Past. Rykie Steyn** | **Medewerker: Past. Deon Allers**

**Van:** | **Naam soos per paspoort:** | **Titel:** | **Noemnaam:**

**Paspoort no.:** | **Land van Uitreiking:** | **Uitreikingsdatum:** | **Vervaldatum:**

**ID-nommer:** | **Naam en Tel nommer van Naasbestaande:**

**Ek het tans nie 'n kwalifiserende paspoort nie. Ek stuur my toerregistrasie voorlopig in en sal onmiddellik vir 'n paspoort aansoek doen** ☐
Vir 'n paspoort om aanvaarbaar te wees vir reis, moet daar genoeg leë bladsye wees en die vervaldatum mag nie binne ses maande na terugkeer wees nie.

**Geslag:** | **Geboortedatum:** | **Geboorteplek:** | **Beroep:**

**Huwelikstatus:** | **E-posadres:**

**Straat (fisiese) adres:** | **Poskode:**

**Tel. (W):** | **Tel. (H):** | **Faks:** | **Selfoon:**

**Spesiale vereistes op vliegtuig m.b.t. maaltyd:** | **sitplek:**

As jy 'n verkose kamermaat het op hierdie toer dan kan jy hy / sy / haar naam hier invul:
Geen waarborge kan gegee word met betrekking tot hotelkamer-seleksie en indeling nie.

**Ek sal verkies om in 'n enkelkamer tuis te gaan en ek aanvaar om die enkelkamer-heffing te betaal** ☐
Merk die vierkant indien u 'n enkelkamer verlang. **NOTA: Sien Nota 11 in verband met "Enkelkamer-heffing"**

**Die Toer begin en eindig by OR Tambo Internasionale Lughawe in Johannesburg.** Gewoonlik is dit goedkoper om u eie reëlings te tref. maar indien ons u behulpsaam moet wees sal dit vir ons net 'n groot plesier wees om u by te staan. ☐

**LET WEL**: Die toerprys is gebaseer op lugreisgelde en tariewe vir landreëlings en hotelle as ook internasionale wisselkoerse beskikbaar ten tye van samestelling van die reisprogram. Die toerprys is onderhewig aan enige veranderings in bogenoemde en toerlede sal vroegtydig van sodanige veranderings in kennis gestel word.

**Handtekening:** | **Datum:**

Ek bevestig dat ek die **"Kennisgewing aan Deelnemers en Toervoorwaardes"** gelees het, dat ek dit aanvaar en dat my deelname aan al daardie voorwaardes onderhewig is. Ek verklaar verder dat in die geval waar die toer deelnemer 'n minderjarige of persoon wat getroud is b gemeenskap van goedere, ek hierdie registrasievorm in my verteenwoordigende hoedanigheid teken en dat ek geregtig / bemagtig is om dit te onderteken in 'n verteenwoordigende hoedanigheid

**Betaal R3,000.00 deposito met registrasie om jou plek te bespreek – in die rekening:**
**Menorah Toere, ABSA, Noord Einde takkode: 632005, Rek no: 9234907724.**
**Gebruik asb. die datum van die toer en jou van as verwysing. Bv. ("2020-11-05 SMIT")**
**(Slegs elektroniese betalings [EFT])**

Menorah Tours
Reg. Nr. 2009/200085/23